



PROSPEKTUS 2024

1. Toelating

Aansoek om toelating tot die koshuis moet gedoen word op die voorgeskrewe vorm. Vul nie alleen die naam van u mediese skema in nie, maar ook u lidmaatskapnommer. Die vorms is by die koshuis beskikbaar.

2. Losiesgelde

Losiesgelde moet elke eerste dag van die kwartaal by die Matrone betaal word. Of aan begin van elke maand, indien so 'n reeling in plek is.

Alle elektroniese oorbetalings moet aan *Huis Van Velden* gemaak word. Bewys van elektroniese betalings moet per epos aan die Matrone gestuur word.

Die losiesgeld word jaarliks vasgestel. Op grond van die belasbare inkomste van die ouer of voog, kan aansoek gedoen word om 'n losiesbeurs en welke geval die Onderwysdepartement 'n gedeelte van die betaalbare losiesgeld sal subsidieer. Vorms vir *Aansoek om Subisie* is by die koshuis beskikbaar. Alle aansoeke moet vergesel word van 'n afskrif van die geboortesertifikaat of ID van leerling, afskrif van 'n IRP 5- vorm of 'n betalingsadviesstrokie, asook gewaarmerkte afskrifte van ouers/voogde se ID-dokumente. In die geval van voogskap, moet die bewyse aangeheg word. Hierdie beurse is slegs beskikbaar indien u kind die naaste skool aan u tuiste bywoon of indien dit 'n geval met meriete is. In so 'n geval moet voogde/ ouers self met die welsynsorganisasie reël vir die nodige bewysstukke en aanbevelings. (Brief van plaaslike ACVV is nie geskik nie.)

3. Persoonlike benodighede

Alle kledingstukke moet gemerk wees. Twee lakens (gemerk op elke hoek), maar 'n duvetoortreksel kan een laken vervang. Een kussingsloop, een kussing, komberse en/of duvet na behoefte, handdoeke, gemerk, en die nodige toiletware. (Beddegoed moet vir 'n enkelbed wees.)

Bring saam

'n Slot met drie sleutels (handig een sleutel by die Matrone in). Die koshuis aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige verliese nie.

Skêr, kleeflint, plastiek en papier vir boeke oortrek.

Reënjas, sambreel of "windbreaker", veeldoelige badprop, flits, kosblik om kos in te sit skool toe, asook 'n blik van minstens 24 x 16 x 12 cm (2 liter-roomysbak) om kos in te pak vir weg-westryde en uitstappies. 'n Koffiebeker of glas. 'n 2 liter-roomysbak waarin die basiese medikasie, soos hoofpynpille ens. in is. Slegs die medikasie wat u stuur mag gebruik word. Die koshuis mag nie medikasie voorsien nie.

4. Telefoon

Geen telefoonoproep word ontvang of gemaak gedurende stiltetye, etenstye, of saans na 20:00 nie. In geval van nood in hierdie tye, moet u met die Superintendent direk skakel. 'n Lys van tye is ingesluit by die koshuisreëls.

Telefoonnommer: 023 614 1280

5. Algemeen

5.1 Ons verwys na die toelatingsvorm wat u onderteken het.

Ek onderneem –

18.1.5 *om my aan die huishoudelike reëls van die koshuis te onderwerp;*

18.2 *Die Superintendent tree in loco parentis op vir alle leerlinge in die koshuis en word gemagtig om sodanige op te tree as my gevolmagtigde in alle nood-, mediese en ander gevalle.*

- 5.2 **U mag onder geen omstandighede u kind van die koshuisterrein neem sonder dat u met die Superintendent/Matrone geskakel het nie. As u kind nie vir skool aanmeld op die eerste dag van die kwartaal/week nie, stel asseblief die Superintendent/Matrone in kennis. U kind mag nie die terrein verlaat sonder die Superintendent of sy gemagtigde se toestemming of wete nie, behalwe op 'n Vrydagmiddag.**
- 5.3 Sondagaande is daar nie etes beskikbaar nie, asook die aand voor die skole heropen na vakansies nie. Die koshuis word op Sondag eers om 17:00 oopgesluit en deure sluit om 19:00. Dit sluit op naweke om 15:30 op 'n Vrydag.
- 5.4 Naweekreëlings moet asseblief **Donderdag voor 17:30** gefinaliseer wees. Leerders merk vir watter maaltye (Vrydagmiddag en Maandagoggend) hulle etes wil hê.
- 5.5 **Onttrekking aan koshuis moet asseblief eers geskied nadat u 'n kwartaal kennis gegee het. Sou u kind die koshuis verlaat sonder 'n kwartaal van kennis gee, word geen gelde terugbetaal vir dienste wat gelewer is nie, en is u ook verantwoordelik vir daardie volle kwartaal se koshuis fooie.**
- 5.6 Kantoorure vir enige administrasie of betalings is daaglik tussen 08h00 en 15h00.

6. **Kontak met huisouers**

Indien u kind die eerste keer by ons inskryf, wil ons u versoek om met die matrone te skakel sodat ons kan kennis maak, asook dat u die matrone kan inlig omtrent enige moontlike belangrike inligting omtrent u kind en die matrone 'n paar punte aan u kan uitlig. Verder wil ons ook graag 'n ope uitnodiging aan u rig om enige tyd by ons aan te kom, nie net as daar probleme is nie, maar ook as u in die omgewing is.



D. van Brouwershaven
SUPERINTENDENT